



Edition 70  
Afrikaans, English

Enjoy our cut-out-and-keep story on pages 3 to 6 that encourages children to take care of books!

Geniet ons knip-uit-en-bereboekie op bladsy 3 tot 6 wat kinders aanmoedig om mooi na hul boeke te kyk!

## Treating books as treasures

**Books are expensive and so it is understandable that we want them to last. How can we help our children learn to take good care of books so that they can be enjoyed over and over again? Here are five ways.**

- 1. Grow a love of stories.** We cannot expect children to treat books well if they do not love stories! When you spend time reading and enjoying stories with children, they soon learn to treasure books.
- 2. Teach by example.** Children learn more by watching us than by being told what to do. So, if you don't treat books well, you can't expect children to do so! Show them how to treat books. For example, as you read to them, turn the pages carefully, and when you have finished reading a story, return the book to its place on the bookshelf.
- 3. Expect what is reasonable.** Children need to spend time looking at or reading books on their own. It is natural for their favourite books to become worn after a while. Encourage age-appropriate book behaviour in your children.

For example, it is "normal" for babies to chew the corners of books – because they put everything into their mouths – but we wouldn't expect three-year-olds to do this. And seven-year-olds can be expected to turn the pages of a book gently, but many three-year-olds cannot yet manage this.

- 4. Create storage for books.** Help children learn to care for books by creating special places to store them. You can use shelves as well as decorated boxes and box lids.
- 5. Don't have too many rules.** Too many rules about using books are likely to destroy children's love of stories. Try to have a few simple rules that make sense to children. For example, "Let's keep water and things we drink away from books because if we spill on our books, they will get damaged." Also, "Let's make sure our hands are not sticky when we look at books because if some of the pages stick together we won't be able to read the whole story!"

As with most things in life, learning to take care of books involves time, practice and encouragement. Children will learn this so much faster if they experience the pleasure that reading and books offer.

## Koester boeke as skatte

Boeke is duur en dis te verstan dat ons wil hê hulle moet lank hou. Hoe kan ons ons kinders help om mooi na boeke te kyk sodat hulle oor en oor geniet kan word? Hier is vyf maniere.

- 1. Kweek 'n liefde vir stories.** Ons kan nie van kinders verwag om boeke mooi te hanteer as hulle nie lief is vir stories nie! Wanneer jy gereeld saam met kinders lees en stories geniet, leer hulle gou om boeke te koester.
- 2. Leer deur jou voorbeeld.** Kinders leer meer wanneer hulle ons dophou as wanneer ons vir hulle sê wat om te doen. As jy dus nie boeke mooi hanteer nie, kan jy nie van jou kinders verwag om dit te doen nie! Wys hulle hoe om boeke te hanteer. As jy vir hulle lees, blaai byvoorbeeld die bladsye versigtig om en wanneer jy 'n storie klaar gelees het, pak die boek op sy plek op die boekrak weg.
- 3. Verwag wat redelik is.** Kinders moet tyd deurbring deur op hulle eie na boeke te kyk of dit te lees. Dit is natuurlik dat hulle gunstelingboeke na 'n ruk effe gehawend sal raak. Moedig ouderdomsgeskikte boekgedrag by jou kinders aan. Dit is byvoorbeeld "normaal" vir babas om die hoeke van boeke te kou – want hulle sit alles in hulle monde – maar ons verwag dit nie van driejariges nie.

En sewejariges moet reeds die bladsye van 'n boek mooi kan omblaai, maar baie driejariges kan dit nog nie doen nie.

- 4. Maak bêreplek vir boeke.** Help kinders om te leer om boeke te versorg deur spesiale bêreplekke daarvoor te maak. Jy kan boekrakke gebruik, asook versierde bokse of die bokse se deksels.
- 5. Moenie te veel reëls maak nie.** Te veel reëls oor hoe om boeke te gebruik kan kinders se liefde vir stories doodmaak. Probeer net 'n paar reëls hê wat vir kinders sin maak. Byvoorbeeld: "Kom ons hou water en dit wat ons drink weg van boeke, want as ons op ons boeke mors, sal ons hulle beskadig." Ook: "Kom ons maak seker ons hande is nie taai wanneer ons na boeke kyk nie, want as van die bladsye aan mekaar vassit, sal ons nie die hele storie kan lees nie!"

Soos met die meeste dinge in die lewe verg dit tyd, oefening en aanmoediging om boeke reg te hanteer. Kinders sal dit baie vinniger leer as hulle die genot ervaar wat lees en boeke bied.



Drive your imagination

Read to me. In my language.

Lees vir my. In my taal.

Nal'ibali

It starts with a story...



## Nal'ibali news

On 23 April 2014 (World Book Day), Nal'ibali proudly launched our Children's Literacy Charter at Constitution Hill in Johannesburg. The charter is a guide to the kind of experiences and resources all children need if we want them to become literate. We had great fun celebrating the charter's launch with songs, stories and speeches. Here are some photographs from the event.

1. Children from Duzek College and Lesedi Community College, who attended the launch, enjoy listening to a story.

Kinders van Duzek College en Lesedi Community College, wat die bekendstelling bygewoon het, geniet dit om na 'n storie te luister.

2. There was plenty of time to sing at the launch!

Daar was baie tyd om te sing tydens die bekendstelling!

3. Award-winning author, poet and storyteller, Chris van Wyk, had the audience spellbound as he told a story!

Bekroonde skrywer, digter en storieverteller, Chris van Wyk, het die gehoor vasgenaai laat luister terwyl hy 'n storie vertel!

4. Carole Bloch, Director of PRAESA, spoke about the importance of stories for literacy.

Carole Bloch, Direkteur van PRAESA, het gepraat oor hoe belangrik stories vir geletterdheid is.

5. Writer and human rights' activist, Elinor Sisulu, spoke about the importance of having a literacy charter.

Skrywer en menseregteaktivis, Elinor Sisulu, het gepraat oor hoe belangrik dit is om 'n handves van geletterdheid te hê.



## Nal'ibali-nuus

Op 23 April 2014 (Wêreldboekedag), het Nal'ibali trots ons Kinders se Handves van Geletterdheid by Konstitusieheuwel in Johannesburg bekendgestel. Die handves is 'n riglyn vir die soort ervarings en hulpbronne wat alle kinders nodig het as ons wil hê hulle moet geletterd raak. Ons het tydens die bekendstelling baie pret gehad met liedjies, stories en toesprake. Hier is foto's van die geleenthed.



If you missed your copy of the Children's Literacy Charter in supplement 63, you can download it from our website, [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org). It's available in 11 languages.


As jy jou eksemplaar van die Kinders se Handves van Geletterdheid in Bylae 63 misgeloop het, kan jy dit van ons webwerf, [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org), aflaai. Dit is in 11 tale beskikbaar.

### Create your own cut-out-and-keep book

1. Take out pages 3 to 6 of this supplement.
2. Fold it in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again.
4. Cut along the red dotted lines.

### Maak jou eie knip-uit-en-bêreboekie

1. Haal bladsye 3 tot 6 van hierdie bylae uit.
2. Vou dit op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte.
4. Sny dit uit op die rooi stippellyne.



Goeie maats pas mekaar op. Maar dis nie al waarroor en kosbaar. Dis ook nodig om hulle op te pas. Vriendskap gaan nie. Ons pas ons maats op, want huile is belangrik en kosbaar. Boekie is ook belangrik jou te lees of jy kan dit lees wanneer jy ingroei. Jy kan iemand vra om dit vir Dit kan wees dat jy in 'n boek moet groter is.



Good friends look after you. But that's only part of precious too. They also need to be looked after. Imporatant and precious. Books are important and as well. We look after our friends because they are a friendship. You need to look after your friends




We publish what we like

This is an adapted version of *Books are friends*, published by Jacana Media and available in bookstores and on-line from [www.jacana.co.za](http://www.jacana.co.za). This story is also available in isiZulu, isiXhosa, Afrikaans, Siswati, Sepedi, Sesotho, Setswana, Xitsonga, Tshivenda and isiNdebele. Jacana publishes books for young readers in all eleven official South African languages. To find out more about Jacana titles go to [www.jacana.co.za](http://www.jacana.co.za).

Hierdie is 'n aangepaste weergawe van *Boeke is maats*, uitgegee deur Jacana Media en beskikbaar in boekwinkels en aanlyn by [www.jacana.co.za](http://www.jacana.co.za). Hierdie storie is ook beskikbaar in isiZulu, isiXhosa, Engels, Siswati, Sepedi, Sesotho, Setswana, Xitsonga, Tshivenda en isiNdebele. Jacana publiseer boeke vir jong lesers in al elf amptelike Suid-Afrikaanse tale. Om meer uit te vind oor Jacana-titels, gaan na [www.jacana.co.za](http://www.jacana.co.za).

© Jacana Media (South African rights only) Tel: (011 628 3200)

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org), of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)



jou te lees of jy kan dit lees wanneer jy ingroei. Jy kan iemand vra om dit vir Dit kan wees dat jy in 'n boek moet groter is.



You can ask someone to help you read it or It may be that you have to grow into a book. You can read it when you're BIGGER.

## *Books are friends* *Boeke is maats*

Carole Bloch

Alzette Prins



Soms is dit net so met stories.

hulle nooit leer ken nie.

**KWESBAAK** of skam. Hou aan probeer anders gaan jy  
mensé **PRETIGE** of slimmer as jy is, volel jy dalk  
Soms is dit moeilik om nuwe māts te mak. Wanneer



Sometimes you should keep trying with stories too.

never know what they are really like.

Sometimes, it can be hard to make new friends. If  
people look more **EXCITED** and clever than you, you  
might feel **NERVOUS** or shy. Keep trying or you will  
never know what they are really like.

Fold

hulle min skeel!

voor hulle vermydig. Mensen en boeke kan  
By weg van **WILD** **WEGELDINGE** wat alles

hulle teen alerlei gevare te beskerm.  
Om iets of iemand op te pas beteken ook om




don't care about people or books!

that destroy everything in their path. They  
keep away from **WILD STAMPEDE** animals

protecting them from different kinds of danger.  
Looking after someone or something also means

Nothing beats a good storybook!

A storybook is a teacher, sharing ideas  
and giving you information.



Niks klop 'n goeie storieboek nie!

'n Storieboek is 'n opvoeder wat idees met jou  
deel en jou inlig.

But if you take care of them, books will live on and  
be enjoyed by you, your friends and your family for a  
long time. You will find out over and over again that  
nothing beats a good story!



Maar as jy hulle oppas, sal boeke lank leef en kan jy,  
jou vriende en jou familie hulle geniet. Jy sal telkens  
uitvind dat daar geen groter lekkerte is as 'n goeie  
storie nie!

Wide humans can also be tricky to handle. Baby  
brothers and sisters may not understand that you  
shouldn't hold books with sticky fingers, dipping  
paintbrushes, wobbly gluepots and snipping  
scissors! They need  
a helping hand  
to learn. Show  
them how to  
look after books  
and how to  
enjoy stories.




Like friendships, books fade and die when they are ignored or badly treated. If you forget books in places like dark cupboards, they will become dusty and get eaten by bugs and worms. No one will read them.




Net soos vriendskappe, kwyn boeke en sterf hulle as hulle verwaarloos of sleg behandel word. As jy boeke in plekke soos donker kaste vergeet, word hulle vol stof en deur goggas gevreet. Niemand sal hulle ooit lees nie.

Wide mens kan ook soms moeilik wees om te  
hanteer. Bababoeëttes en -sussies verslaan nie dat  
jy nie met taai vingers, druppende verfkwas,  
wantelinge gompotte en knippende skere nabы  
boekie mag kom nie! Hulle hettemand nodig om  
hulle te leer. Wys hulle hoe om boekte op te pas en  
hoe om stories te geniet.

Reading a story together can  
be lots of fun. A story is also  
excellent company when you  
just want to be quietly alone.



A storybook is also a boat that sails you away  
on adventures to strange places  
to see wonderful sights.



'n Storieboek is ook 'n boot waarmee jy wegvaar op  
avonture na vreemde plekke om wonderlike  
dinge te sien.

If you feel sad or lonely, tired or sick, a good story, like a good friend, can help take your mind off things.




Most of all, a storybook is a friend. With friends you smile and laugh, you sigh and cry, you sing and shout. It's the same with storybooks.

Maar bowenal, is 'n storieboek 'n maat. Saam met maats kan jy lag en sug en huil en sing en skree. Dis dieselfde met storieboeke.



Dis ook **hartseer** as jy vergheet waar jy 'n boek neergesit het, want boekte het ook huise.

Wanneer jy en 'n maat saam uitgaan, bly joulle wanneer maats wegryak, want ek en jy en maats het bymekaar sodat een nie wegryak nie. Dis **hartseer** wanneer jy en 'n maat, want boekte het ook huise.



When you go out with a friend, you stay close so that you don't lose each other. It is **sad** when friends gets lost, because like you and me, they have a home.

If you forgot where you've left a book, it is **sad** too, because books also have a home.

Just like people, books have different kinds of homes. Some books live in libraries. Libraries are wonderful places because there are so many different kinds of books to choose from. You can borrow them and take them home to read.

Net soos mense, het boeke verskillende soorte huise. Sommige boeke woon in biblioteke. Biblioteke is wonderlik, want daar is hope verskillende boeke om van te kies. Jy kan boekeleen en huis toe neem om te lees.





# Get story active!

Here are some story reading ideas and activities for *Books are friends* for you to try.

## Before

- Introduce the story by reading the title of the story. Ask your children, "How do you think books can be friends?" Let them share their ideas with you and share your ideas with them.

## During

- Put lots of expression into your voice as you read the story – especially when you read the words that are bigger or smaller than the other words, or in a different type of lettering.
- Encourage your children to ask whatever questions they have or to make comments about the story.
- Help your children find the letters from their names in the pictures.

## After

- Invite your children to draw a picture of their favourite story characters.
- Let them write about their pictures – with your help, if necessary.
- Read page 3 again. Encourage your children to complete this sentence in as many different ways as they can: A storybook is like ... , if ...
- Look at the picture on page 6. Where is each child's favourite place to read?
- Encourage your children to write a list of their own rules for taking care of books.



# Raak doenig met stories!

Hier volg idees en aktiwiteite vir *Boeke is maats* wat julle kan probeer.

## Voor

- Stel die storie bekend deur die titel van die storie te lees. Vra die kinders: "Hoe dink julle kan boeke ons maats wees?" Laat hulle hul idees met jou deel en deel jou idees met hulle.

## Tydens

- Lees met baie gevoel – veral wanneer jy die woorde lees wat groter of kleiner as die ander woorde is, of in 'n ander lettertipe is.
- Moedig jou kinders aan om enige vrae wat hulle het te vra, of om opmerkings oor die storie te maak.
- Help jou kinders om die letters van hulle name in die prente te vind.



## Na


- Nooi jou kinders om 'n prent van hulle gunstelingkarakters in 'n storie te teken. Laat hulle oor hul prente skryf – met jou hulp, indien nodig.
- Lees weer bladsy 3. Moedig jou kinders aan om hierdie sin op soveel verskillende maniere moontlik te voltooi: 'n Storieboek is soos ..., dit ...
- Kyk na die prent op bladsy 6. Waar is elke kind se gunstelingplek om te lees?
- Moedig jou kinders aan om 'n lys te maak van hulle eie reëls oor hoe om boeke te hanter.

## Reading club corner

August has a number of special days on which we can celebrate the diversity of people!

<b>August</b>	Women's month
<b>3 August</b>	International Friendship Day
<b>9 August</b>	National Women's Day
<b>10 August</b>	Author Suzanne Collins' birthday
<b>12 August</b>	International Youth Day
<b>13 August</b>	International Left-Handed Day

Suzanne Collins is an award-winning author. She wrote the novels enjoyed by teenagers (and adults!) that make up *The Hunger Games* trilogy: *The Hunger Games*, *Catching Fire* and *Mockingjay*. The first two novels have already been made into movies. Suzanne also writes for the children's television channel, Nickelodeon.



## Leesklubhoekie

Augustus het 'n aantal spesiale dae waarop ons die diversiteit van mense kan vier!

<b>Augustus</b>	Vrouemaand
<b>3 Augustus</b>	Internasionale Vriendskapsdag
<b>9 Augustus</b>	Nasionale Vrouedag
<b>10 Augustus</b>	Skrywer Suzanne Collins se verjaardag
<b>12 Augustus</b>	Internasionale Jeugdag
<b>13 Augustus</b>	Internasionale Dag vir Linkshandiges

Suzanne Collins is 'n bekroonde skrywer. Sy is die skrywer van die romans wat tieners (en grootmense!) geniet en wat saam die trilogie, *The Hunger Games*, vorm: *The Hunger Games*, *Catching Fire* en *Mockingjay*. Die eerste twee romans is reeds in rolprente verwerk. Suzanne skryf ook vir Nickelodeon, die televisiekanaal vir kinders.

## Try some of these ideas in August

- Choose stories that show women in different roles – for example, women as mothers, sisters, leaders, artists, writers, sports women. Read these aloud throughout the month.
- Share stories with the children that explore what friendship is.
- Encourage the children to write about and to their friends.
- Tell the children the story of how on 9 August 1956, South African women fought for justice for themselves and others.
- If you have teenagers at your club, choose an extract or chapter from one of the books in *The Hunger Games* trilogy to read aloud to them.

## Probeer 'n paar van hierdie idees in Augustus

- Kies stories wat vroue in verskillende rolle wys – byvoorbeeld, vroue as ma's, susters, leiers, kunstenaars, skrywers, sportvroue. Lees hulle hardop tydens hierdie maand.
- Deel stories wat verken wat vriendskap is met die kinders.
- Moedig die kinders aan om oor en vir hulle vriende te skryf.
- Vertel vir die kinders die storie oor hoe Suid-Afrikaanse vroue op 9 Augustus 1956 vir reg en geregtigheid vir hulself en ander geveg het.
- As jy tieners in jou klub het, kies 'n uittreksel of hoofstuk uit een van die boeke in *The Hunger Games*-trilogie om hardop vir hulle te lees.



## Send us your reading moments and WIN!

Whether it's a photo of your child enjoying a bedtime story or a picture of them reading their first book, send us your children's reading moments to inspire others to create reading moments with their children too. Simply email your reading moment picture to [info@nalibali.org](mailto:info@nalibali.org). If selected, your photo will appear on the Nalibali Facebook page, and you will receive a book to enjoy with your children, as well as a Nalibali T-shirt!

## Stuur jou leesoomblikke vir ons en WEN!

Of dit 'n foto is van jou kind wat 'n slaaptydstorie geniet, of 'n foto van hom of haar wat hulle eerste boek lees, stuur vir ons jou kinders se leesoomblikke om ander te inspireer om ook leesoomblikke met hulle kinders te skep. Stuur bloot 'n foto van jou leesoomblikke per e-pos aan [info@nalibali.org](mailto:info@nalibali.org). As dit gekies word, sal jou foto op die Nalibali Facebook-blad verskyn, en jy sal 'n boek ontvang om met jou kinders te deel, asook 'n Nalibali T-hemp!



## Story corner

Here is a fable about the special relationship between a bird and a tree to enjoy reading aloud or retelling.

### The lark and the pomegranate tree by Michael Rice

Every morning, just as the sun was beginning to rise, a little lark flew from its nest, perched on a branch of a pomegranate tree, stretched its wings, lifted its head and began to sing the most beautiful song to welcome the morning light.

One morning, just as the bird had finished singing, it looked down and saw a large, ripe pomegranate lying on the ground. The pomegranate must have split open when it hit the ground, for its bright seeds lay scattered about like rich red rubies glinting in the sun.

The lark flew down and began to peck the juicy seeds. As it lifted its head to sing its delight at finding such a delicious meal, one of the pomegranate seeds got stuck in its throat. The lark got such a fright that it flew up into the morning sky.

High in the sky, with a cough and a sneeze, the lark spat out the seed. The seed fell to the earth where it landed on a rock on the side of a mountain.

The lark flew away unharmed, but the seed lay wedged in a crevice in the rock. It lay there for a many years before it began to sprout. There was no soil for it to grow in, and it was only watered once in a while by a passing shower.

Then one day, after a thunderstorm, the seed began to send out tiny, tender shoots, searching for anything to help it grow. After a long time it managed to get a good grip in the crevices of the rock, and then nothing could shift it.

Time passed. The seasons followed one upon the other. The delicate shoots gradually became roots strong enough to reach deeper and deeper into the cracks and crevices, eventually splitting the rock into pieces, while its branches reached for the sky.

And so the tree grew.

Birds nested in its branches and fed on its fruit – which fell to the ground or was scattered over the earth to fall where it may and wait for the rain to soften the ground upon which it lay.

Tell us if you liked the story, *The lark and the pomegranate tree* – SMS “Bookmark” with your name and your comments to 32545. R1,00 per SMS.



Illustration by Alzette Prins  
Illustrasie deur Alzette Prins

## Storiehoekie

Hier volg 'n fabel oor die spesiale verhouding tussen 'n voël en 'n boom om hardop te lees of oor te vertel.

### Die lewerikie en die granaatboom deur Michael Rice

Elkeoggend, net soos die son sy kop bo die horison uitsteek, vlieg 'n lewerikie uit sy nes, sit op 'n tak van 'n granaatboom, strek sy vlerkies uit, lig sy kop en begin 'n pragtige lied sing om die oggendson te verwelkom.

Een dag, net toe hy klaar is met sy oggendlied, kyk die lewerikie ondertoe en daar sien hy 'n rooi-ryp granaat op die grond lê. Die granaat het seker oopgebars toe dit die grond tref, want oral lê die pitjies in die oggendson en skitter soos ryk, rooi robyne.

Die lewerikie vlieg grond toe en begin die sappige pitjies oppik. Toe hy sy kop lig om sy vreugde oor dié heerlike happye uit te sing, stek 'n pitjie in sy keeltjie vas. Hy skrik so groot dat hy in die oggendlug opvlieg.

Hoog in die lug, met 'n gehoes en geproes, spoeg die lewerikie die pitjie uit. Die pitjie val aarde toe en land op 'n rots teen 'n berghang.

Ongedeerd vlieg die lewerikie weg, maar die pitjie steek vas in 'n kraak in die rots. Daar lê dit jare lank en wag om te ontkiem. Daar was geen grond waarin dit kon groei nie en die reën was skaars.

Toe, eendag na 'n kwaai donderbui, begin die pitjie fyn-fyn wortelsprietjies uitstuur, op soek na iets waarin dit kan groei.

Uiteindelik kry een van die sprietjies 'n vastrapplek in die kraak in die rots, en daarna kon niiks dit verroer nie.

Die tyd gaan verby. Die seisoene kom en gaan. Langsaam versterk die tere sprietjies tot wortels, wortels wat sterk genoeg is om dieper en dieper in die kraak in te boor totdat hulle uiteindelik die rots laat oopbars en verbrokkel, terwyl die takke na die hemel reik.

En só het die boom gegroeи.

Voëls het in die takke kom nes maak en die vrugte geëet, wat op die grond gevall het, of lukraak oor die aarde versprei is om daar te lê en wag vir die reën om te val en die grond sag te maak.

Vertel vir ons of jy van die storie, *Die lewerikie en die granaatboom*, gehou het – SMS “Bookmark” met jou naam en kommentaar na 32545. R1,00 per SMS.

### In your next Nal'ibali supplement:

- The role of books and reading in childhood
- Dear Nal'ibali: letters and SMSes you sent to us
- A cut-out-and-keep book, *Young Lion and Little Brown Monkey*
- Collect the Nal'ibali characters: Mme wa Afrika
- A zigzag book, *Look at me!*

Did you know Nal'ibali supplements come in a range of South African languages? Visit the “Supplements” section at [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) to download supplements in English-IsiXhosa, English-IsiZulu, English-Sesotho and English-Afrikaans.

Find us on Facebook:  
[www.facebook.com/nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA)  
Vind ons op Facebook:  
[www.facebook.com/nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA)



### In jou volgende Nal'ibali-bylae:

- Die rol van boeke en lees in die kinderjare
- Beste Nal'ibali: brieve en SMS'e wat julle vir ons gestuur het
- 'n Knip-uit-en-bêreboekie, *Leeutjie en Bruin Apie*
- Versamel die Nal'ibali-karakters: Mme wa Afrika
- 'n Sigsagboek, *Kyk vir my!*

Het jy geweet Nal'ibali-bylae verskyn in 'n verskeidenheid Suid-Afrikaanse tale? Gaan na die “Supplements”-afdeling by [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) om bylae in Engels-IsiXhosa, Engels-IsiZulu, Engels-Sesotho en Engels-Afrikaans af te laai.

